

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

19 AUGUSTUS 2018 **Nr. 683**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!

Predikant: Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba: Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba: Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Sustersake: Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Admin. Beampte: Sr Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure: Dinsdae, Donderdae & Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00		
Koster: Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres: admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf: www.gkmagalieskruin.co.za	

EREDIENSTE

OGGEND **08:00 NAGMAAL** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Johannes 2: 13 - 25
Teks: Johannes 2: 19
Tema: Christus bring vir ons die nuwe lewe as Lam van God!
Sang: Ps 145: 2 Ps 25: 2 Sb 2-4: 1(33) Ps 23: 3 Ps 116 Ps 145: 12 Sb 13-3 (78)
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Emeritaatsversorging

AAND **17:45** Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Filippense 2: 5 - 18
Belydenis: NGB Art 18
Tema: God openbaar aan ons Sy Seun as Ware Middelaar!
Sang: Ps 149: 1, 2 Sb: 5-4: 2, 3 (10) Sb 5-4: 5, 6 (10) Sb 13-3 (78)
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Bybelverspreiding

SAMESANG: Ps 25: 8, 9, 10 Ps 26: 1, 5, 7 Sb 5-4: 3, 4 (10)

VOLGENDE SONDAG NABETRAGTING

Onder die erediens – Diens van Barmhartigheid

By die deure	Oggend	Aand
26 Augustus	Bystandsfonds (SDDS)	Evangelisering

PREKE OP CD

Plaas u bestelling op GK Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek. Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie. **PREKE OP DIE WEBWERF:** Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

***(Efésiërs 6: 17** " En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God - .....")*

VIR MEELEWING

'n Besonderse welkom aan

- al ons besoekers met Nagmaal!

Meelewing

- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed); br Andries Nel (Huis Blymoedig).
- Ons dink aan lidmate wat vir mediese prosedures moet gaan.
- Katrien Broere (083 469 9891) gaan DV 21 Augustus vir 'n rugoperasie (Faerie Glen).
- Br Niek (082 845 3053) de Klerk wie se broer en sr Annekie wie se swaer die afgelope week oorlede is.

Baie dankie

Aan ds Gert Erasmus en ds Rassie Smit wil ek my dank uitspreek vir die besoeke en gebede tydens my operasie en nog steeds. Dankie ook aan elke suster en gemeentelid se belangstelling en oproepe.
Johan van Dyk

Aan ds Gert Erasmus en ds Rassie Smit vir die besoeke en gebede met my operasie. Ook dankie aan al die susters en gemeentelede wat my besoek en gekontak het tydens my beproewing. Ek waardeer die belangstelling. Bo alles aan ons Hemelse Vader alle eer.
Driekie Carver

VERJAARSDAE Mag die Here vir u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Augustus	Woensdag	22	Llewellyn Botha	083 550 1550
		22	Daniël Goede	073 151 7844
		22	Jan Pieter Goede	073 151 7844
		22	Susan Potgieter	079 492 9739
	Saterdag	25	Amia du Toit	083 395 5332
		25	Lerize du Toit	083 395 5332

NABETRAGTING:

Neem kennis: volgende Sondag is Nabetragting. Vir ons kinders: *Nabetragting* is in wese 'n TERUGKYK op die vorige Sondag se Nagmaal. Met *Nabetragting* oordink ons die sakrament van ons Here Jesus Christus.

BRONSMUNTE

Die projek van die Diakonie om bronsmunte in te samel, gaan nog steeds voort. Tot dusver het ons reeds R24,509.05 ingesamel van die ontstaan van hierdie projek af! Ons sal dit waardeer indien die lidmate sal voortgaan om ons te ondersteun. Die houer vir die munte is in die portaal by die hoofingang.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Vir almal wat etes bestel het, net weer die reëlings:

- Ons kom weer 12:30 in die saal bymekaar.
- Die wyksusters wat die kos maak, kom 12:20.
- U bring: Eie drinkgoed en eie eetgerei (bord, poedingbakkie, mes, vurk, poedinglepel, glas en servet).

'n Groot dankie!

Aan al die wyksusters – Annetjie de Klerk, Baby van der Walt, Coby Treebus, Erica Arnold, Esme Slabbert, Estie Smith, Hanlie de Bruin, Hendrina Stoltz, Ina Cilliers, Magriet Petzer, Martie Brittz, Marietjie Erasmus, Martie Goede, Renthia Booyens, Ria Hechter, Riekie Prinsloo – wat hierdie keer die ete gereël en voorberei het. Baie dankie vir al julle harde werk en tyd. Dankie ook aan almal wat hulle gehelp het, en bestanddele geskenk het!

Enige verandering van u persoonlike inligting

Indien enige inligting van 'n lidmaat verander het soos adres, telefoon, selfoon, beroep of e-pos, vra ons dat u asb die inligting sal deurgee na die kantoor.

Nuwe lidmate

Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Wyk E04: Sr Marna Booyens, 072 461 0178

KALENDER 2019:

'n Vriendelike versoek aan **AL die kommissies & groepe** om hul datums van beoogde funksies, vergaderings & ander belangrike kennisgewings van **2019 vir Magda (kerkkantoor)** deur te gee **voor of op 2 September 2018.**

AAA – ALLE AFGETREDE LIDMATE

U word hartlik uitgenooi na 'n gesellige saam kuier op Dinsdag **28 Augustus** om 10:00 in die kerksaal. Maak solank 'n aantekening in u dagboeke. Ons praat met **almal** tussen 60 en 100 jaar oud. Martie van Dijken (012 548 3549 of 083 471 4098)

ELJADA HUIS

Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hul onmiddelike krisis is suiker, koffie, pasta en boksmelk. Die ander behoefte is niebederfbare blikkies of pakkies tee, ontbytpap, broodsmere, en toiletware. Enige iets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir ons bederfies) is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoo en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly maar dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddele.

DIE DIAKENS NOOI U OM SAAM TE KOM EET
BRAAIVLEIS EN BYKOSSE
DV Vrydag 14 September 2018 in die Kerksaal
19:00 aankom en kuier, 19:30 ete

Kom geniet 'n ete (wat die diakens vir u voorberei) en kom kuier saam.
U kry: Braaivleis met bykosse – *gratis!*
U bring: U eie eetgerei (bord, mes, vurk, glas, koffiebeker en teelepel), servette en drinkgoed.

Indien u die ete wil bywoon, voltooi asb. die **skeurstrokie** en gooi in die kollektesakkie of gee **vir enige diaken** - **voor of op Maandag 10 September!**

✂ ----------

GEMEENTE-ETE (Magalieskruin) – Vrydag 14 September 2018

Ek/Ons wil die ete bywoon

Naam en van: _____ Tel: _____

Volwassenes (aantal) _____ Hoërskoolkinders _____

Laerskoolkinders _____ Kleuters _____

SAMESANG
Daar is vanaand weer samesang vanaf 17:30 tot 17:40. Kom sing saam!

Afkondigings van die Jeugkommissie

Ons wil graag 'n nuwe e-pos adres bekendstel vir ons jeug se gebruik. Die bedoeling hiervan is om geleentheid te gee vir anonieme vrae, voorstelle of sommer net gesels oor die jeug. Ons moedig enige insette aan en ons sal graag van julle wil hoor:
jeug@gkmagalieskruin.co.za
Hou die nuusbrief dop vir inligting oor ons volgende jeugaksie van 7 September 2018

KOFFIEPROE @ CUPOCAFE

KOM GENIET DIE AAND SAAM MET ONS!!! Die tweede koffieproe word aangebied vir die naskoolse jeug van ons gemeente en almal wat "jonk van gees" is. DV Vrydagaand 28 September by Cupocafe koffiewinkel by die Kolonnade Retail Park. Die finale proe geleentheid vind plaas DV Vrydag 12 Oktober. Gee jou naam so gou as moontlik deur vir Ds Gert (076 839 6973) of Marike Snyman (079 885 0214) om teleurstelling te voorkom!

GEMEENTEKAMP 2019

BAIE BELANGRIK!!!!! Is jou naam al op die lys in die voorportaal met die oog op volgende jaar se gemeentekamp??
MOET NIE LAAT SLAAP NIE... SKRYF JOU NAAM OP!!!!

SUSTERS

TEESKINKBEURTE
19, 26 Augustus: Geen tee agv beide ons en Montanapoort se Nagmaalviering.

GEREFORMEERDE VRIENDEKRING

9-14 September 2018 Midweek
Die bus is vol en ons is baie opgewonde!
Baie dankie dat al jul gelde reeds betaal is.
Ons vertrek 9 September 2018 om 15:00 vanaf Montanapoort/Magalieskruin se kerkgebou.
Sorg asseblief dat iemand jou kom aflaai aangesien ons nie meer 'n bussie het om jou te kom oplaai nie.

Belangrike Datum!!!
Hou DV 13 November oop! Ons beplan ons afsluitingsete om 12:00. Meer inligting volg.

KATKISASIE

KATKISASIE
Gr 0-11: Vandag: *Daar is vandag geen katkisasie agv die nagmaal.*
Gr 8-11: Wo 8 Augustus: Vir ons Hoërskool Katkisante:
Gr 8-9: 17:30 – 18:00
Gr 10: 18:00 – 18:30
Gr 11: 18:30 – 19:00 Belydenisklas (Graad 11)

NASKOOLSE JEUG BYBELSTUDIE

Alle naskoolse jeug vergader elke Woensdagaand om 19:30 – 20:30 by die pastorie.
Almal baie welkom!!

BYBELSTUDIE

GROEP 3 (Stephanus van der Walt: 012 567 2709 / 082 338 3216) Dinsdag 21 Augustus om 15:00 in die konsistorie. Tema: Daniël 7:13-27 asook 9: 1-3 en 20-27. Asook Daniël 12. (Studie 6 vraag 5 en studie 7 volgens Voëlvlug deur die Bybelboeke van Prof GJC Jordaan. **Almal welkom**. Skakel nou in. Byeenkomste vind elke tweede Dinsdagmiddag vir 'n uur plaas. Bring gerus kennisse saam.

GROEP 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 22 Augustus om 09:30 in die konsistorie. Saam probeer ons om die Psalms beter te verstaan. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

LEEDWESE

Die volgende Emerituspredikante is die afgelope twee weke oorlede

- ds JS (Koos) du Plooy.
- ds PGL (Pieter) van der Walt

DAGBOEK–DATUMS

Dinsdag	21 Augustus	Bybelstudie (Stephanus – konsistorie)	15:00
Woensdag	22 Augustus	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30
	22 Augustus	Katkisasie (Gr 8 – 11 in die konsistorie)	18:00
	22 Augustus	Bybelstudie Naskoolse Jeug	19:30

Ds Gert Erasmus se dagboek

Maandag:	Reformasie konferensie Waverley	19:00 – 22:00
Dinsdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
	Predikante ontmoeting Meintjieskop	10:30 – 12:00
	Pastorale na-nagmaal besoek	16:00 – 17:00
	Pastorale besoek pastorie	18:30 – 20:00
Woensdag:	Katkisasie	14:30 – 15:00
	Hoërskool Katkisasie	17:30 – 19:00
	Naskoolse Jeug Bybelstudie	19:30 – 20:30
Donderdag:	Voorbereiding	
	Besoek nuwe intrekkers	19:00 – 20:00
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël

PRETORIA-MAGALIESKRUIN

GEMEENTEKAMP

DV

Die naweek van 13 tot 15 Sep 2019

Vaalwaterpad, Modimolle
www.weesgerus.co.za

CHALETS

2-SLAAPPLEK – R1584.00 *vir 2 nagte*
Die 2-slaapplek chalet met sy oopplanuitleg is ideaal vir paartjies en bestaan uit ‘n gekombineerde slaapkamer met 2 enkelbeddens en leefarea met ‘n kombuisie met yskas/vrieskas, mikrogolfoond, die nodige breekware en stoof/oond en ‘n volledige badkamer met stort- en badgeriewe.

4-SLAAPPLEK – R2147.20 *vir 2 nagte*
Die 4-slaapplek chalet het een slaapkamer met 2 enkelbeddens. Twee banke in die sitkamer verskaf slaapplek vir nog 2 kinders onder 10 jaar. Badkamer met stort, toilet en wasbak. Oopplankombuis en sitkamer met yskas/vrieskas, mikrogolfoond, die nodige breekware, stoof/oond

6-SLAAPPLEK – R3750.40 *vir 2 nagte*
Smaakvolle gemeubileerde 6-slaapplek chalets bestaan uit ‘n kombuis met yskas/vrieskas, mikrogolfoond, die nodige breekware, stoof/oond, twee 2-bed slaapkamers, ‘n gemaklike sitkamer, ‘n volledige badkamer met stort, en ‘n ingeboude 2-slaapplek stapelbed in die gang.

KARAVAANPARK – R880.00 *vir 2 nagte*
4 persone per karavaan- of tentstaanplek
Vir die karavaanentoesiaste bied die oord 133 moderne goedbeplande staanplekke, almal met elektrisiteit toegerus.
Daar is ‘n verdere 12 tentstaanplekke, ook toegerus met elektrisiteit. Uitstekende ablusiegeriewe maak dit baie aanloklik.

Pryse is reeds 20% goedkoper as normaalweg!